

Vrydag 12 April

Skrifgedeelte: Psalm 110 (1953-vertaling)	Fokusgedeelte: Psalm 110:1, 4
--	--------------------------------------

Christus – ons ewige Koning en enigste Hoëpriester

Elke Sondag word dit wêreldwyd deur die kerk van Christus bely, al van die vroegste eeue af – ons geloof in ons Here Jesus Christus, wat *“sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader ...”*

Wie van ons dink egter daaraan of besef waar hierdie belydenis sy eerste beslag gekry het? Dat dit die Heilige Gees was (Matt. 22:43, 44; Mark. 12:36; Luk. 20:42,43) wat Dawid as profeet gelei het om reeds in Psalm 110 onomwonde daarvan te getuig: Die Seun van God wat mens sou word, die Christus wat sou kom, sit ewig aan die regterhand van sy Vader. *Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie ...* Jesus Christus is die ewige Koning. Dít staan uitdruklik in Psalm 110. En dít bely die kerk van Christus van alle tye en oor die hele wêreld uitdruklik elke Sondag ... tereg.

Wat meer is, in Psalm 110 word ook bekendgemaak dat ons ewige Koning terselfdertyd ewige Priester sal wees (Ps. 110:4). Hebreërs 7:24 – met verwysing na onder andere Psalm 110 – bevestig dat Christus juis daarom ons enigste en ewige Hoëpriester is. Calvyn beklemtoon hoe die ewigheid van Christus se Priesterskap (Ps. 110:4) ingebed is in die ewigheid van sy Koningskap (Ps. 110:1-3, 5-7).

Dit wat Sondag vir Sondag deur Christene van alle tye en wêreldwyd oor Christus bely word, het sy Gees aan ons in Psalm 110 bekendgemaak. En daaraan kan en moet ons vashou – Hy is nie net ons ewige Koning nie (vs 1), maar ook ons ewige, enigste Hoëpriester (vs 4), wat Homself vir ons, vir my, vir my sondes aan die kruis geoffer het.

Daaruit kan en moet ek elke dag leef ... dat Jesus Christus my Koning is en Homself vir my geoffer het!

Sing: Psalm 110-1:1, 2, 5

Dr. VE d'Assonville (Victor) (Marble Hall; Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)